



DEPARTEMENT: LANDBOU



VEL, VEER EN BEENPROBLEME

M.S.K. Mashishi

Veertoestande

Veerverlies

- Veerverlies kan veroorsaak word deur mytbesmettings. Die besmetting veroorsaak irritasie en lei tot 'n gekrap en veerverlies.
- Voedingstoftekorte en stresfaktore soos oorlading kan ook daartoe lei dat die kuikens mekaar pik (kannibalisme) wat lei tot veerverlies.

Knop (ontplooide) donse

³ Hierdie toestand is die resultaat van vere wat nie uitkom uit hulle skagte nie. Die onderliggende oorsaak is vitamien B2 (riboflavien) tekort.

Veltoestande

Parasietbesmetting

- Verskeie parasiete kan op die kuikens se kop en lyf waargeneem word. Die myte, vlooië, luisse en bosluisse verskyn as swart, bruin of rooi "kolle" op die kuikens.



Pokke



- Pokke is 'n virussiekte wat deur muskiete oorgedra word. Poksere is waarneembaar op dele wat

nie vere het nie soos die kop, nek, pote en bene. Die sere begin as rooi puisies wat ontwikkel in puisies wat vloeistof bevat en later etter (swere). Namate die swere oopbreek, vorm daar korste of rowe.

Byte/pikwonde

- Enige stresverwante faktor soos oorbelading of die inbring van nuwe kuikens in die trop sal veroorsaak dat kuikens mekaar pik.
- 'n Souttekort kan ook 'n rede wees.
- Kuikens kan ook bytwonde as gevolg van rotte hê.

Bleek (anemiese) vel

- Kuikenmyte leef van kuikens se bloed. Wanneer die besmetting erg is, is daar ook groot bloedverlies, wat lei tot anemiese kuikens met bleek velle, kamme en lelle.

Geel vel

- 'n Geel vel kan normaal of abnormaal wees. Kuikens wat geelmielies as deel van hulle dieet ontvang, het 'n geel vel.
- Abnormale geel vel kom ook voor in die geval van die siekte, egyptianellose, wat deur 'n bloedparasiet veroorsaak word wat die rooibloedselle besmet.



Blousug (sianose)

- Dit kom voor by enige ernstige toestand van die bloedstroom wanneer bakterieë (septisemie) of virusse (viremie) sirkuleer. By siektes soos Newcastlesiekte mag die lelle soms 'n blou

verkleuring toon.



Beentoestande

Skurwebeenmyt

- Die toestand word deur myte veroorsaak en kom dikwels voor by hoenders in agterplase. Die bene is grof en skurf. Die myte tunnel onder die bene se vel in en veroorsaak verdikking en verruwing van die skubbe.
- Die toestand kan behandel word deur die kuikens se bene in 'n mytdoder te doop.

Frakture

- Gebreekte bene kom dikwels by traumagevalle voor.
- Kalsium- en fosfaatwanbalanse of -tekorte veroorsaak dat die bene maklik breek.


Geswelde litte (arthritis)

- Die kiem wat lei tot geswelde litte by kuikens is *Mycoplasma Staphylococcus aureus*. Die litte wat die meeste aangetas haksenings.



Marek se siekte

- Daar is twee vorms van die siekte. Die een tas die inwendige organe aan terwyl die ander die senuwees aanval. Wanneer die dy- en beensenuwees aangeval word, lê die kuikens op die grond met een been vorentoe en die ander een na agter. Velletsels kom soms voor.



Krultoonverlamming

- Die toestand kom by kuikens voor as hulle voer min vitamien B2 bevat. Die tone krul dikwels na binne en hulle kan gewoonlik nie staan nie.



Skeurbuik

- Dit word veroorsaak deur 'n relatiewe of absolute tekort aan kalsium, fosfor en/of vitamien D3 of wanbalanse in die verhouding van hierdie voedingstowwe.
- Kuikens met skeurbuik loop moeilik en het sagte bene en bekke.

Voorkoming

- Parasiete soos myte en vlooie kan gedood en beheer word deur poeierchemikalieë soos Karbadust te gebruik. Kuikenhuise kan ook gespuit word met 'n chemikalie soos 10 % malasol om die parasiete te dood wat in krake en skeure skuil.
- Verskaf 'n goeie kwaliteit dieet of mineraalaanvullings soos aangedui.



Vir verdere inligting kontak jou
dieregesondheidstegnikus of veearts

of

Animal Health for Developing Farmers
LNR-Onderstepoort Veeartsenykunde-instituut

Privaatsak X05, Onderstepoort 0110
Tel (012) 529 9158

of

Resource Centre, Departement van Landbou
Tel (012) 319 7141/7085

2002

Saamgestel deur Direkoraat Landbou-inligtingsdienste, Departement van Landbou in samewerking met
LNR-Onderstepoort Veeartsenykunde-instituut

Gedruk en uitgegee deur Departement van Landbou
en verkrygbaar van
Resource Centre, Direkoraat Landbou-inligtingsdienste,
Privaatsak X144, Pretoria, 0001 Suid-Afrika
Hierdie publikasie is beskikbaar op die webwerf: www.nda.agric.za/publications



ARC • LNR
Inligting verskaf deur
Animal Health for Developing Farmers
LNR-Onderstepoort Veeartsenykunde-instituut
Privaatsak X05, Onderstepoort 0110
Tel (012) 529 9158